

Saterdag 28

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 4:1-8; HEBREËRS 11:1-4

FOKUSGEDEELTE: HEBREËRS 11:4

God praat vandag met my deur Abel

Kain en Abel (asemhaling) was albei godsdienstige mense. Al twee het die Here aanbid en uit hulle inkomste aan Hom offers gebring. As hulle vandag gelewe het, sou ons hulle getroue en meelewende lidmate genoem het – elke Sondag in die kerk. Tog is die een se offer aanvaar en die ander s'n verwerp! Hoekom is Kain se offer verwerp en Abel se offer aanvaar?

Om hierdie vraag te antwoord, moet ons na Hebreërs 11:4 toe blaai. Daar hoor ons hoekom God Kain se offer verwerp het terwyl Hy Abel se offer aanvaar het: *“Omdat Abel geglo het ...”* Daar was dus niks fout met Kain se offer op sigself nie. Sy offer was dalk net so goed, of selfs beter as Abel s'n uitgevoer, maar dit wat agter die offer gesit het, was nie opreg nie.

“Omdat Abel geglo het ...” God praat vandag met jou deur Abel. Glo jy? Glo jy dat die Here Jesus Christus jou enigste Verlosser en Saligmaker is? Glo jy dat dit wat Hy aan die kruis vir jou verwerf het, jou deel is?

As jy op hierdie vrae opreg “ja” kan antwoord, moet jy op jou knieë val en die Here dank, want dit is net uit genade dat jy dit kan glo. Omdat jy soos Abel kan glo, moet jy met jou hele lewe vir die Here dankie sê.

Gee jouself aan God as 'n lewendige en heilige offer wat vir Hom aanneemlik is (Rom. 12:1).

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Meyerton)